SA Wrestling Federation
Stoeifederasie

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl
P.O. Box 82625
Southdale
2135
TEL: 011 681 1808
082 290 7561 (Cell)
FAX: 011 681 1800
evanzyl@phumelela.com

Aan: Sekretaris/Voorsitter – Stoeiverenigings
SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SASAR

20 Januarie 2010

SASAR SKRYWE 15/01

Ons wil graag die volgende rëelings deurgee met betrekking tot die tweede afrigterskursus wat plaasvind op 18 en 19 Junie 2010.

1. **Algemene inligting**

Daar is nog twee kursusse oor vir die jaar.

Die reëling dat afrigters verplig is om een nasionale kursus per jaar by te woon, ten einde in die daarop volgende jaar by S.A. aangeleenthede te kan optree bly van toepassing vir 2010, met ander woorde om in 2011 te kan optree moet 'n afrigter in 2010 een van die nasionale kursusse bywoon.

Afrigters wat nie in 2009 'n nasionale kursus bygewoon het nie, sal nie toegelaat word om in 2010 by S.A. aangeleenthede op te tree nie, alvorens hulle 'n nasionale kursus in die jaar bywoon.

LET WEL:
Ons wil graag spesifiek die volgende rëelings met betrekking tot die toetsing van vlak 3 afrigters deur gee. Afrigters wat vir vlak 3 getoets wil word, moet drie (3) take voor die tyd inhandig. Indien ons nie die afgehandelde take voor die tyd ontvang nie, sal geen toetsing plaasvind nie.

2. **Tweede kursus vind plaas op 18 en 19 Junie 2010**

Besonderhede van die kursus:

- Plek: Welkom stoei klub (Welkom Skou gronde)
- Registrasie: Vrydag 18 Junie om 17h00 tot 18h30
  Saterdag 19 Junie om 07h00 tot 07h45
- Eksamen en Praktiese toetsing vir vlak 1 en 2 vind plaas op Vrydagaand vanaf 19h00.
- Toetsing vir vlak 3 en 4 sal op Saterdag 19 Junie plaasvind.
- Name van afrigters wat eksamen wil skryf of getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op Dinsdag 15 Junie by Anna Addinall bevestig word. (e-pos: annaa@telkomsa.net).
- Ongelukkig sal ons nie 'n Mediese kursus tydens die kursus kan aan bied nie, aangesien daar nie 'n mediese beampte beskikbaar is vir die kursus
- Verenigings moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir eksamen skryf of kursus bywoning, sal die verenigings verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde, indien die afrigters nie opdaag nie.

- Inskrywingsgelde R220.

3. **<u>Graderings Vereistes</u>**

Ons het reeds die nuwe vereistes by verskeie geleenthede die jaar deurgegee maar heg dit weer aan om enige misverstande uit die weg te ruim.

Groete

Afrigters Raad